UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

## Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -oordrag (KAO)

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer | REG-001-2017 |
| HEMIS-klassifikasie | Nie van toepassing nie |
| Tipe dokument | Regulasiedokument |
| Doel van regulasie | Om 'n reguleringsraamwerk te voorsien vir die erkenning van vorige leer en kredietakkumulasie en -oordrag aan die Universiteit Stellenbosch |
| Goedkeuringsdatum | Deur die Raad op 19 Junie 2017 |
| Implementeringsdatum | Met ingang van 20 Junie 2017 |
| Hersieningsiklus | Elke vyf jaar |
| Vorige hersienings | Beleid vir die Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL), Oktober 2011 |
| Eienaar van regulasie | Die Viserektor (Leer en Onderrig) |
| Kurator van regulasie | Die Registrateur |
| Goedgekeur deur | Die Raad op 19 Junie 2017 |
| Trefwoorde | erkenning<br>oordrag<br>vorige leer<br>kredietakkumulasie<br>bevorder toegang<br>regstelling<br>artikulasie |

## Inhoudsopgawe


1. Inleiding ............ 3
2. Woordomskrywing ............ 3
3. Doel van die regulasie ............ 4
4. Bestek van die regulasie ............ 4
5. Beginsels van die regulasie ............ 4
6. Bepalings van die regulasie ............ 6
7. Implementeringsprosedures ............ 8
8. Regulasiebeheer ............ 9
9. Monitering en verslagdoening ............ 9
10. Konflikbeslegting ............ 9
11. Openbaarmaking ............ 9
12. Herroeping ............ 9
13. Brondokument ............ 10

## 1. INLEIDING

1.1. Die Raad op Hoër Onderwys (RHO), synde die gehalteraad vir die hoër onderwys, is verantwoordelik om die nasionale beleide en kriteria wat met die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) verband hou teen die agtergrond van die hoëronderwyssektor te vertolk, en om, waar dit nodig is, sodanige beleide te pasmaak om direk op die spesifieke omstandighede van die sektor betrekking te hê. Met dít as agtergrond het die RHO die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) se beleide oor die erkenning van vorige leer (EVL), kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) en assessering verwerk om relevant vir die hoëronderwysomgewing te wees. Die dokument wat daaruit ontstaan het, is die RHO se "Beleide oor die Erkenning van Vorige Leer, Kredietakkumulasie en –oordrag, en Assessering in hoër onderwys" van Augustus 2016.[1]

1.2. Hierdie dokument is op sy beurt 'n verwerking van bogenoemde RHO-beleide in die konteks van die Universiteit Stellenbosch (US).

1.3. EVL en KAO word in hierdie regulasie gesamentlik hanteer aangesien die betrokke US-prosesse ten nouste met mekaar verband hou.

## 2. WOORDOMSKRYWING

*2.1.* ***Kredietakkumulasie en -oordrag** (**KAO**) verwys na die meganisme vir die bevordering van artikulasie tussen kwalifikasies binne 'n subraamwerk van die NKR. Die doel van KAO is om vir mobiliteit van studente voorsiening te maak en hulle 'n beter kans op suksesvolle voltooiing van hulle kwalifikasies te bied. KAO maak ook voorsiening vir artikulasie tussen die subraamwerke van die NKR om lewenslange leer en toegang tot die werkplek te fasiliteer.* Slegs formele leer word vir KAO in ag geneem.

*2.2.* ***Kredietakkumulasie** verwys na die opbou van krediete om uiteindelik 'n kwalifikasie te voltooi.*

*2.3.* ***Kredietoordrag** verwys na die vertikale, horisontale of diagonale oordrag van krediete na 'n kwalifikasie.*

2.4. **Formele leer** is kredietdraende leer binne die Hoëronderwyskwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) deur graad- en niegraadstudente by die US en ander instellings.

2.5. **Informele leer** is leer wat uit die daaglikse aktiwiteite van betaalde of niebetaalde werk, uit gesins- of gemeenskapslewe, of uit vermaak, spruit, met inbegrip van toevallige leer.

2.6. **Nieformele leer** is beplande opvoedkundige intervensies wat nie veronderstel is om tot die toekenning van kwalifikasies te lei nie, byvoorbeeld professionele kortkursusse en indiensopleidingskursusse.

*2.7.* ***Erkenning van vorige leer*** **(EVL)** *verwys na die beginsels en prosesse waardeur 'n persoon se vorige kennis en vaardighede sigbaar gemaak, bemiddel en streng geassesseer en*

[1] Gedeeltes in kursief in hierdie dokument is vertalings van aanhalings uit die RHO se "Beleide oor die Erkenning van Vorige Leer, Kredietakkumulasie en –oordrag, en Assessering in hoër onderwys" van Augustus 2016.

*gemodereer word vir die doel van alternatiewe toegang en toelating, erkenning en sertifisering, of verdere leer en ontwikkeling. EVL is op slegs informele en nieformele leer van toepassing. Leer wat uit formele roetes spruit, word normaalweg deur middel van KAO erken, maar in gevalle waar KAO nie van toepassing blyk te wees nie, kan die EVL-roete oorweeg word (RHO-beleid 4.2.1).*

## 3. DOEL VAN DIE REGULASIE

3.1. Hierdie regulasie het ten doel om die US se strategiese posisionering vir die 21ste eeu, soos die Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 dit beskryf, te ondersteun. Die regulasie beoog om deur EVL en KAO studentetoegang en -sukses te bevorder, onder meer vir daardie studente wat voorheen toegang tot formele leeromgewings ontsê is, en om die US met oorkoepelende nasionale beleide te belyn. Hoewel hierdie regulasie onder andere afgestem is op regstelling in Suid-Afrikaanse verband, kan dit ook van toepassing gemaak word op internasionale kandidate vir toelating op nagraadse vlak, veral met betrekking tot *EVL vir vrystelling* en *KAO vir oordrag*, soos dit in die afdeling hieronder omskryf word.

## 4. BESTEK VAN DIE REGULASIE

4.1. Hierdie regulasie bied 'n gehalteversekeringsraamwerk vir die erkenning van vorige informele en nieformele leer deur middel van EVL, sowel as formele leer deur middel van KAO, met die uitsondering van omstandighede waar KAO nie van toepassing blyk te wees nie.

4.2. Hierdie regulasie is van toepassing op voor- en nagraadse akademiese programme.

4.3. Hierdie regulasie bied die raamwerk waarbinne:

4.3.1. kenners aansoekers se vorige formele, informele en nieformele leer kan evalueer om te bepaal of dit voldoende voorbereiding is vir die beoogde program, gemeet teen die leeruitkomste van die bepaalde akademiese program of module(s);

4.3.2. aansoekers op grond van sodanige evaluering van <u>formele (waar KAO nie van toepassing blyk te wees nie), informele en nieformele leer</u> toelating kan ontvang tot 'n akademiese program waarvoor hulle nie andersins aan die toelatingsvereistes voldoen nie (**EVL vir toegang**);

4.3.3. aansoekers op grond van sodanige evaluering van <u>formele (waar KAO nie van toepassing blyk te wees nie), informele en nieformele leer</u> vrygestel kan word van sekere krediete wat normaalweg as deel van die program vereis word (**EVL vir vrystelling**); en

4.3.4. krediete wat aansoekers voorheen verwerf het, op grond van sodanige evaluering van <u>formele leer</u> na ander kwalifikasies oorgedra kan word (**KAO vir oordrag**).

## 5. BEGINSELS VAN DIE REGULASIE

5.1. Die US onderskryf die beginsels van 'n holistiese EVL- en KAO-benadering soos geformuleer in paragrawe 4.1 en 5.1 van die RHO se Beleide oor die Erkenning van Vorige Leer, Kredietakkumulasie en –oordrag, en Assessering in hoër onderwys, Augustus 2016, en in

die besonder die volgende:

5.1.1. *EVL beoog om insluiting te bewerkstellig en verskeie hindernisse vir toegang en sukses in die hoër onderwys te bowe te kom. Die grondslag van EVL behoort te wees om moontlike hindernisse vir toelating tot, of registrasie vir, hoëronderwysstudie te oorkom, vir diegene wat nie aan die formele voorvereistes voldoen nie* (RHO-beleid 4.1.1).

5.1.2. *EVL behels méér as 'n assesseringsproses; dit is eerder 'n gespesialiseerde pedagogiese proses wat onder meer ten doel het om informele en nieformele kennis op grond van bepaalde bevoegdhede in formele en gestruktureerde ekwivalente te omskep. EVL vereis sorgvuldige oorweging van die verbandhoudende epistemologieë, en veral van die onderskeid tussen ervarings- en akademiese kennis, en dus van die gebiede en vlakke waarop EVL op gepaste wyse toegepas kan word. Boonop verg dit 'n duidelike begrip van die moontlike bydrae van sodanige informele en/of nieformele kennis tot elke bepaalde tipe kwalifikasie in die hoër onderwys* (RHO-beleid 4.1.2).

5.1.3. *Die proses van KAO bring die diverse kenmerke van kredietakkumulasie en kredietoordrag byeen om lewenslange leer te fasiliteer. Sodoende kan 'n student se prestasies erken word, selfs al behaal die student nie 'n kwalifikasie nie. Enige en alle krediete vir 'n onvoltooide kwalifikasie kan as gedeeltelike voldoening aan die vereistes van 'n ander kwalifikasie by dieselfde of 'n ander instelling erken word, of deur 'n ander instelling as gedeeltelike voldoening aan die vereistes van dieselfde kwalifikasie* (RHO-beleid 5.1.4).

5.1.4. *Die proses van KAO verleen aan 'n individuele student mobiliteit tussen programme en instellings, binne die perke van die vereistes van die spesifieke kurrikulums* (RHO-beleid 5.1.5).

5.2. Die US onderskryf die fundamentele waardes van die voortgesette ontwikkeling van individue, lewenslange leer en die regstelling van ongelykhede.

5.3. Die US onderskryf die waarde van EVL en KAO vir die doel waarvoor dit bestem is, naamlik om die toeganklikheid van hoëronderwysinstellings oor die algemeen, en van die akademiese programme van die US in die besonder, binne 'n raamwerk van gehalteversekering te verhoog. Verhoogde toeganklikheid in hierdie verband verwys spesifiek na individue wat voorheen toegang tot formele leeromgewings ontsê is, hetsy as gevolg van sistemiese of ander beperkinge, maar wat kan bewys dat hulle 'n vlak van leer bereik het wat gelykstaande is aan die vereiste vlak vir toelating tot die program, en dat hulle aan leergeleenthede op die vereiste vlak kan deelneem.

5.4. Die US onderskryf die belangrikheid van artikulasie tussen programme van verskillende instellings deur middel van KAO.

5.5. Die US onderskryf die belangrikheid van die voorsiening van toepaslike inligting aan EVL- en KAO-aansoekers en -assesseerders.

5.6. Die US onderskryf die beginsel dat die toepassing van EVL en KAO voorsiening moet maak

vir konteksgepaste prosedures in die verskillende akademiese omgewings (fakulteite, programme en departemente).

5.7. Die US onderskryf die beginsel dat alle EVL- en KAO-aansoekers billik en regverdig behandel moet word.

5.8. Die US onderskryf die beginsel dat die assesseringsinstrumente en -prosedures vir EVL en KAO geldig en betroubaar moet wees.

5.9. Die US onderskryf die beginsel dat EVL- en KAO-prosesse en -prosedures redelikerwys uitvoerbaar moet wees.

## 6. BEPALINGS VAN DIE REGULASIE

6.1. Erkenning van vorige formele, informele en nieformele leer geld vir een aansoekjaar. Indien ’n aansoeker nié vir die betrokke aansoekjaar registreer nie, sal hy/sy opnuut vir ’n ander aansoekjaar moet aansoek doen, en die evaluering van die nuwe aansoek sal teen die agtergrond van die heersende omstandighede op daardie tydstip geskied.

6.2. In geval van <u>EVL vir vrystelling</u> en <u>KAO vir oordrag</u>:

6.2.1. Vrystelling en kredietoordrag kan slegs per module toegestaan word, d.w.s. ’n volledige module van ’n akademiese program is die kleinste leereenheid waarvoor kredietvrystelling of -oordrag kan geskied.

6.2.2. Die tydperk sedert die leer voltooi is kan in ag geneem word, aangesien leer wat te lank terug plaasgevind het, moontlik nie meer relevant mag wees ten tyde van die aansoek nie.

6.2.3. ’n Student kan vrystelling of kredietoordrag met betrekking tot hoogstens 50% van die krediete van ’n program ontvang, en hoogstens 50% van die krediete van ’n voltooide kwalifikasie kan na ’n ander kwalifikasie oorgedra word. Fakulteite kan verdere beperkinge oplê op die getal krediete waarvan studente in spesifieke jare van sekere bepaalde akademiese programme vrygestel kan word.

6.2.4. ’n Bepaalde stel leer op grond waarvan ’n aansoeker deur middel van EVL toelating tot enige nagraadse program ontvang, kan nie ook gebruik word vir die toestaan van kredietvrystelling in dieselfde program nie.

6.2.5. Vrystelling van (’n) module(s) deur middel van EVL kan toegestaan word op grond van (’n) kortkursus(se) wat die aansoeker buite die HOKSR voltooi het (met ander woorde niekredietdraend), mits die inhoud, duur en assessering van die kortkursus(se) ten minste gelykstaande is aan dié van die module(s).

6.2.6. Elke krediet wat vrygestel of oorgedra word, moet gelykstaande wees aan tien veronderstelde studie-ure.

6.2.7. Die US verbeur alle fooie van toepassing op die vrygestelde modules. (Let wel: Fakulteitsprosedures kan bepalings insluit om die koste vir die assessering van EVL/KAO-aansoeke van aansoekers te verhaal.)

6.3. In geval van <u>EVL vir toegang</u>:

6.3.1. Wat aansoeke om toelating tot voorgraadse programme betref, kan statutêre en/of programspesifieke toelatingsvereistes opgehef word op grond van vorige leer. Die toestaan van toelating aan voorgraadse studente wat nie aan die statutêre vereistes vir toelating tot baccalaureusgraadstudie voldoen nie, geskied deur middel van die Diskresionêre Bevoegdheid van die Senaat, wat behels dat die betrokke dekaan 'n voorstel by die Viserektor (Leer en Onderrig) indien vir aanbeveling by die Matrikulasieraad. Die statutêre vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding lui soos volg:

> "Vir die Nasionale Senior Sertifikaat en Onafhanklike Eksamineringsraad, 'n skooleindsertifikaat met toelating tot baccalaureusgraadstudie; vir alle ander skoolstelsels of ouderdomsvrystelling (23 of 45), 'n sertifikaat van universiteitsvrystelling wat deur USAf se Matrikulasieraad uitgereik is."

6.3.2. Wat aansoeke om toelating tot nagraadse programme betref, kan die gewone toelatingsvereistes opgehef word op grond van vorige leer, onderworpe aan die goedkeuring van die betrokke fakulteitsraad. Die goedkeuring moet ingesluit word by die fakulteitsraad se mededelings aan die Senaat.

6.3.3. Toelating deur 'n EVL-proses behoort beperk te word tot hoogstens 10% van 'n kohort studente in 'n program, tensy die Hoër Onderwys Gehaltekomitee die oorskryding van hierdie perk as deel van die program se akkreditasieproses goedgekeur het [RHO-beleid 4.2.8].

6.4. Die assessering van vorige leer vir die doel van EVL en KAO moet altyd voldoen aan standaarde gelykstaande aan normale leerassessering aan die US (d.w.s. nie hoër of laer nie).

6.5. 'n Verskeidenheid van assesserings van vorige formele, informele en nieformele leer kan gebruik word. Hierdie assesserings sluit die volgende in, dog is nie daartoe beperk nie:

6.5.1. 'n Student se prestasie in keuringsinstrumente vir toelating (soos toegangstoetse, plasingstoetse, of "uitdagingseksamens" wat hoofsaaklik kwantitatief assesseer).

6.5.2. 'n Assessering van leerportefeuljes (waar die student byvoorbeeld 'n stel dokumente en/of ander bewyse indien om sy/haar vorige informele leer te toon).

6.5.3. Aanvullende werk tot die US se tevredenheid, voor toelating (waar toelating tot 'n akademiese program byvoorbeeld toegestaan word, mits die student binne 'n voorgeskrewe tydperk aanvullende werk voltooi).

6.5.4. Formele leer in die vorm van dele van of hele akademiese programme wat aan ander instellings gevolg is (soos diplomas of grade van 'n universiteit vir tegnologie). Let op die beperkinge op die erkenning van sodanige leer in paragraaf 6.2 van hierdie regulasie.

6.6. Toelating tot 'n akademiese program kan onderworpe gestel word aan aanvullende werk gedurende die akademiese program (waar 'n student byvoorbeeld tot 'n program toegelaat

word, op voorwaarde dat hy/sy in die loop van die program aanvullende werk voltooi). In so ’n geval moet die student alle aanvullende werk voltooi voordat hy/sy die betrokke kwalifikasie kan ontvang.

# 7. IMPLEMENTERINGSPROSEDURES

7.1. Die implementering van hierdie regulasie is die verantwoordelikheid van die fakulteite en die Registrateursafdeling.

7.2. Elke fakulteit behoort ’n stel EVL/KAO-prosedures op te stel en te dokumenteer, wat aan die volgende vereistes voldoen:

7.2.1. Die prosedures moet aan hierdie regulasie voldoen, maar kan bykomende vereistes of beperkinge oplê wat in fakulteitsverband van toepassing is.

7.2.2. Die prosedures is onderworpe aan die goedkeuring van die Akademiese Beplanningskomitee en die tersaaklike fakulteitsraad, en moet deur middel van die fakulteitsraad se Aanbevelingsrapport aan die Senaat voorgelê word.

7.2.3. Die prosedures moet meganismes vir terugvoering aan aansoekers insluit, wat met die nodige administratiewe steun en op ’n eenvormige wyse deur alle departemente hanteer moet word.

7.2.4. Die prosedures moet redelike en duidelike perke insluit met betrekking tot die koste van dienste wat in verband met EVL/KAO-aansoeke, -leiding en -assessering gelewer word, welke koste jaarliks bepaal moet word. (Die aansoeker is normaalweg aanspreeklik vir die koste verbonde aan EVL/KAO, wat betaal word aan die fakulteit wat die aansoek oorweeg het.)

7.2.5. Die prosedures moet riglyne aan aansoekers insluit oor die vereistes van assesseringsinstrumente (soos riglyne oor leerportefeuljes en hoe toetse, eksamens, onderhoude en ander fakulteitspesifieke assesseringsgeleenthede hanteer sal word).

7.2.6. Die prosedures moet riglyne insluit oor die proses waarvolgens onsuksesvolle aansoekers kan appelleer.

7.3. Elke fakulteit is verantwoordelik om sy EVL/KAO-prosedures beskikbaar te stel aan voornemende studente en aan personeellede wat die prosedures moet toepas.

7.4. Aansoeke om EVL/KAO moet ingedien word by die betrokke fakulteitsadministrateur in die Registrateursafdeling, wat die aansoek na die betrokke struktuur in die bepaalde fakulteit sal stuur, soos wat die fakulteit se EVL/KAO-prosedures bepaal.

7.5. Die fakulteit stuur sy besluit oor die EVL/KAO-aansoek aan die fakulteitsadministrateur, wat dan verantwoordelik is:

7.5.1. om, indien hierdie regulasie of die fakulteit se prosedures dit vereis, die besluit by die betrokke fakulteitsraad in te dien vir goedkeuring en mededeling aan die Senaat;

7.5.2. om die aansoeker van die besluit in kennis te stel; en

7.5.3. om die besluit as ’n Senaatsbesluit op die student se interne rekordkaart aan te teken. EVL vir krediet word as vrystellings aangeteken, terwyl KAO vir krediet as kredietoordrag aangeteken word.

## 8. REGULASIEBEHEER

8.1. *Beheerstruktuur waaronder hierdie regulasie val*: Die regulasie word deur die Universiteitsraad bepaal. Die Rektor is verantwoordelik om die regulasie uit te voer, en delegeer algehele verantwoordelikheid aan die tersaaklike omgewings, wat aan ’n lid van die Rektor se Bestuurspan, naamlik die Viserektor (Leer en Onderrig), rapporteer.

8.2. *Eienaarskap*: In hierdie verband, stel die Rektor die Viserektor (Leer en Onderrig) as lynhoof en eienaar van hierdie regulasie aan.

8.3. *Rolle en verantwoordelikhede*: Die Universiteit het onder meer die volgende rolle en verantwoordelikhede bepaal om hierdie regulasie te hanteer en te bestuur:

8.3.1. Die Viserektor (Leer en Onderrig) is verantwoordelik om hierdie regulasie te implementeer en by te werk, en om toesig te hou oor die doeltreffende funksionering van die kurator en verbandhoudende strukture en rolle.

8.3.2. Die Registrateur is die kurator en is uiteindelik verantwoordelik vir die interpretasie en implementering van die regulasie.

8.3.3. Dekane is verantwoordelik vir die formulering van fakulteitsprosedures op grond van hierdie regulasie, wat ooreenkomstig paragraaf 7.2 goedgekeur moet word.

8.4. *Hersiening*: Hierdie regulasie sal elke vyf jaar hersien word, of soos nodig.

## 9. MONITERING EN VERSLAGDOENING

9.1. Monitering en verslagdoening is vasgelê in die normale bestuurspraktyke van die Universiteit, en kommunikasie vind deur die normale kommunikasiekanale van die Universiteit plaas.

## 10. KONFLIKBESLEGTING

10.1. Aansoekers wat teen ’n EVL- of KAO-besluit wil appelleer, moet die betrokke fakulteit se appèlprosedures volg.

## 11. OPENBAARMAKING

11.1. Hierdie regulasie is ’n openbare dokument en word op die Universiteit se webtuiste gepubliseer.

## 12. HERROEPING

12.1. Hierdie regulasie herroep en vervang alle vorige EVL-beleide wat die US aanvaar het.

## 13. BRONDOKUMENT

13.1. Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se Beleide oor die Erkenning van Vorige Leer, Kredietakkumulasie en –oordrag, en Assessering in hoër onderwys, Augustus 2016